

191.T.3 (11)

MOTIVERING

VIR DIE TOEKENNING

VAN DIE F.A.K.-EREPENNING VIR KULTUURWERK
AAN DR. S. H. PELLISSIER.

Deur Prof. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, en Voorsitter van die F.A.K.

(In die Senaatsaal, Universiteit van Stellenbosch, Dinsdag,
19 September 1961, 3.30 nm.)

Dit is vir die F.A.K. 'n genoeë dat hy vandag kan oorgaan tot die toekenning van sy tweede Erepenning vir Kultuurwerk; dit is vir die Universiteit van Stellenbosch 'n voorreg dat hy as gasheer vir hierdie funksie kan optree!

Die F.A.K. se Erepenning vir Kultuurwerk is 'n baie eksklusieve toekenning. Dit is nog maar éénkeer voorheen toegeken, en wel in 1957 aan wyle dr. D.F. Malan. Die eerste toekenning het ook aan die Universiteit van Stellenbosch plaasgevind: dit was by geleentheid van die F.A.K. se besonder interessante en vrugbare Kongres oor Volksmusiek, wat in genoemde jaar hier aan die Universiteit gehou is. En dit is vir ons 'n treffende gedagte dat ons funksie vandag hier onder 'n groot sprekende skildery van dr. D.F. Malan hier in die Senaatsaal van die Universiteit plaasvind.

Met sy Erepenning vir Kultuurwerk beoog die F.A.K. om op waardige wyse waardering en erkentelikheid te toon teenoor manne of vroue, wat op besondere wyse hulle in die diens van die Afrikaner se kultuurlewe gestel het, en wat werk van groot en blywende waarde in verband daarmee gelewer het. Dit gaan hier nie maar net om mense wat in 'n jaar of twee die een of ander goeie werk aangepak en afgehandel het nie. Dit gaan hier nie om mense wat 'n ingewing gekry het en iets goeds vir die Afrikaner bereik het nie. Dit gaan hier om mense wat, groot van hart en ruim van gees, as Afrikaners geleef en gewerk het, en wat onverpoosd en onvermoeid 'n lewe van noeste vlyt en onbaatsugtige arbeid aan die kultuurbesittinge van die Afrikaner gewy het.

Die F.A.K. is dankbaar om te weet dat daar op verskeie plekke in ons land manne en vroue van hierdie tipe is. Die F.A.K. is egter van oordeel dat daar vandag veral één man is wat by uitnemendheid aan hierdie beskrywing voldoen. Ons is dankbaar om hom nou saam met ons te hê en hier in ons midde te verwelkom - Dr. S. Henri Pellissier.

Terwyl/.....

Terwyl ons hom welkom heet, spreek ons ook ons vreugde daaroor uit dat hy deur sy eggenote vergesel word. Ook aan mev. Pellissier wil ons sê: Hartlik welkom in ons midde; ons waardeer u teenwoordigheid.

Ek sou hier 'n baie uitvoerige motivering kon gee waarom die F.A.K. besluit het om sy Erepenning vir Kultuurwerk aan dr. Pellissier toe te ken. Ek wil egter nie in besonderhede tree nie maar slegs 'n paar hoofpunte kortliks stel.

Een van die vernaamste oorwegings in verband met hierdie toekenning is die organisatoriese werk wat die betrokke persoon in verskillende liggame op die kulturele terrein gedoen het. Wat dit aanbetrif, het dr. Pellissier 'n rekord van diens wat seker deur baie min ander mense geëwenaar kan word.

Hy is reeds 30 jaar lank lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sy aktiwiteit het ook nie net tot sy lidmaatskap beperk gebly nie, want ons vind dat hy lank in die Akademieraad gedien het, en ook verskeie jare Voorsitter was.

'n Ander organisasie - of liewer beweging - waarmee hy ten nouste verbonde is, en waarmee sy naam seker altyd geassosieer sal word, is die Volkspele- en Volksangbeweging. Hy is reeds meermale die Vader van volkspele in Suid-Afrika genoem, en tereg ook want die opkoms van die Volkspelebeweging in ons land is in hoë mate aan dr. Pellissier toe te skrywe. Reeds in die jare 1912/14, toe hy jong student in Europa was, is sy belangstelling in volkspele opgewek, veral deur wat hy op hierdie gebied in Swede gesien het. Na sy terugkeer in sy vaderland, en tot vandag toe, het hy hom steeds vir volksang en volkspele beywer. In 1941 is die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele gestig; dr. Pellissier is van die begin af die Voorsitter daarvan.

Ons moet in hierdie verband ook die F.A.K. self noem. Dr. Pellissier was een van die aanwesiges by die byeenkoms in Bloemfontein in 1929 waar die F.A.K. gestig is; en hy was vir baie jare lid van die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. Lank het hy hierin saam met manne soos dr. T.E. Dönges en wyle prof. J.C. van Rooy gedien. In die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. het hy hom in 'n gunstige posisie bevind om die Afrikaanse kultuuraksie te help organiseer en rig, waaraan hy dan ook op kragdadige wyse meegedoen het.

Naas die genoemde drie groot organisasies is daar ook nog verskeie ander liggame waarvan dr. Pellissier 'n aktiewe lid was, en ook nog is. As voorbeeld kan genoem word die N.T.O., die Beheerraad van die Groot Afrikaanse Woordeboek,

die/.....

die Afrikaanse Operavereniging, die Beheerraad van die blad Lantern, die Transvaalse Biblioekraad, en die Voortrekkerbeweging (wat hom die onderskeidingssteken Vriend van die Voortrekkers toegeken het).

Ook op ander terreine van die Afrikaanse kultuurlewe het hy inisiatief en daadkrag aan die dag gelê. Van vroeg af was hy hom sterk bewus van die behoefte aan geskikte monumente vir Afrikaanse volkshelde, en op positiewe wyse het hy daarvoor gewerk dat sulke monumente opgerig word. Regstreeks en onregstreeks het hy 'n aandeel gehad aan die oprigting van 'n hele aantal monumente: die Voortrekkermonument by Pretoria, die standbeeld van Sarel Cilliers op Kroonstad, die standbeeld van pres. Steyn by die Universiteit in Bloemfontein, die monument op die graf van Louw Wepener naby Bethulie, borsbeelde van die ses Vrystaatse Presidente in die Raadsaal in Bloemfontein, en ook die monument by Vereeniging wat volgende jaar onthul sal word.

Owerigens is dr. Pellissier verantwoordelik vir die mooi gedagte van lenteskole, wat in alvier ons Provinsies reeds toepassing gevind het. In die jare toe hy Direkteur van Onderwys in die Vrystaat was, het hy die Afrikaanse kultuurstrewe in die Vrystaatse skoolwese kragdadiglik versterk, en het hy ook kermisse gehou - en laat hou - om skoolfondse en beurse vir toegewyde, skrandere leerlinge in die lewe te roep. Ook die werk wat hy in Vrystaatse skole, en daarbuite, gedoen het om belangstelling in bv. die skilderkuns en die beeldhoukuns aan te moedig, sal seker nie maklik vergeet word nie. Dit was veral ten gevolge van sy hoogstaande werk op opvoedkundige gebied dat die Universiteit van Stellenbosch aan hom 'n ere-doktorsgraad toegeken het.

Nog drie ander gebiede moet ook net genoem word. Eerstens het dr. Pellissier in verband met groot volksfeeste 'n leidende aandeel geneem, bv. die Voortrekkerfees in Bloemfontein in 1938, die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument, die inwyding van die Voortrekkermonument, die Van Riebeeckfees 1952, die Eeu fees van Pretoria 1955, en die Uniefees in Bloemfontein in 1960. Tweedens was hy in verband met die Afrikaanse letterkunde nie slegs 'n belangstellende leser nie, maar self ook 'n aktiewe, kleurryke skrywer. Uit sy pen het drie boeke verskyn: Kaskenades van Adriaan Roux en die Kordaatstukke van Klein Snel; Die Afrikaanse Raaiselboek; en Jean Pierre Pellissier van Bethulie. En derdens het hy hom as Voorsitter van die Radioraad steeds onvermoeid beywer om Afrikaans, naas Engels, in die radio tot sy reg te laat kom.

Dit/.....

Dit is op grond van al hierdie kultuurwerk dat die F.A.K. aan dr. Pellissier sy Erepenning toeken. Maar dit is nie omrede van die kultuurwerk alleen nie; dit is ook omrede van die mens wat dr. Pellissier is. Hy is steeds hartlik en nederig, en vind vreugde daarin om ander te dien. Hy het sterk oortuigings, en hy leef dit ook uit, maar hy bly altyd regskape, vriendelike mens, wat met ander oor die weg kan kom, selfs met diegene van wie hy op belangrike punte soms radikaal verskil.

Afkomstig uit 'n Franse familie - 'n Franse sendeling-familie - het dr. S. Henri Pellissier één met ons volk geword, hy het in elke sin van die woord Afrikaner geword. Hy het soseer Afrikaner geword dat die F.A.K., die kultuurmondstuk van die Afrikanerdom, dit goedvind om aan hom sy hoogste eretoeckening uit te reik.

Aan hom sê ons vandag: Doktor, ons wens u van harte geluk met hierdie onderskeiding; ons sê ook baie dankie vir alles wat u vir ons gedoen het.